

# Ons Erediens

## NG Gemeente Wonderpark



**Gesinserediens saamgestel deur:  
Dr. Ernst Endres – 08 November 2020**

### 1. VOTUM

Dié wat op die Here vertrou,  
is soos Sionsberg  
wat nie wankel nie  
en altyd vas bly staan.  
<sup>2</sup>Soos die berge Jerusalem  
aan alle kante beskerm,  
so beskerm die Here sy volk,  
nou en vir altyd.

### 2. SEËNGROET

<sup>3</sup>Genade en vrede vir julle van God ons Vader en  
die Here Jesus Christus,  
<sup>4</sup>wat Homself vir ons sondes gegee het  
om ons te verlos uit hierdie goddelose wêreld en  
so die wil van God ons Vader te volbring.  
<sup>5</sup>Aan God kom die heerlikheid toe tot in alle ewigheid! Amen.

### 3. LOFLIED: NEEM MY LEWE, LAAT DIT HEER

Neem my lewe, laat dit Heer  
U gewy wees meer en meer  
Laat my hart gedurig juig  
En van dankbaarheid getuig

Neem my stem en laat my sing  
U, my Koning hulde bring  
Laat my mond deur U gena  
Steeds die blye boodskap dra  
Neem my goud en silwer Heer,



Niks noem ek my eie meer  
My verstand en kennis moet  
Slegs U werk op aard' bespoed.

Neem my wil, so swak van daad  
Neig dit na U wyse raad  
Neem my hart, vir U tot troon  
Wil gedurig daarin woon.

#### 4. SKRIFLESING EN GEBED.

**Teks.** 1 Petr. 4:7-11 en 1 Kor 14:3

**Tema.** Veelkeurige genade: gawe van die woord (mentorskap)

#### FOKUSPUNT VAN BRIEF (KONSENTRIESE SIRKELS)

In 1 Petrus 4:7-11 kom ons by die hart van die brief uit. Petrus het oor verskeie sake geskryf en nou kom hy by die fokuspunt uit, die einde van alles is naby! Hy gee nou verskillende riglyne hoe gelowiges moet leef met die einde wat naby is. Gelowiges moet nugter en gebalanseerd bly, sodat hulle kan bid. Hulle moet mekaar liefhê, want die liefde bedek menigte sondes. In verse 11 en 12 skryf hy oor die verantwoordelikhede wat gelowiges teenoor mekaar het asook genadegawes!

#### HOEKOM IS ONS HIER?

Ons is hier om God se veelkleurige genade aan mense te bedien, nie Sy oordeel nie. Die oordeel moet ons in Sy hande laat!

#### WIE IS ONS: OIKONOMOS!

Ons is die bekwame en verantwoordelike bestuurders van die veelkleurige genade van God, wat aan ander bedien moet word. Gebruik in die Romeinse huishouding:

- **Dispensator.** Hy was verantwoordelik vir al die huishoudelike reëlings asook vir die ander slawe van die huishouding. Hy moes al die voorrade aankoop en verdeel.
- **Vilicus.** Hy was in beheer van sy eienaar se boedel en het as agent opgetree om sy eiendom te bestuur en te verhuur.
- **Tutors.** Hy tree as voogd van die minderjarige kinders op en bestuur hulle besittings namens hulle totdat hulle volwasse was.



- **Paidagogos.** Hy was verantwoordelik vir die opvoeding van die minderjarige kinders.

God kom plaas die rykdom van sy veelkleurige genade in ons hande en verwag dat ons dit met bekwaamheid namens Hom moet bestuur!

## 1. BEKWAME BESTUURDERS: GAWE VAN DIE WOORD: OIKOSDOMEI (MENTORSKAP)

- **1 Kor 14:3.** Gawe van profesie: oikosdomia (opbou); parakleisis (bemoedig) en paramuthia (vertroos)
- **Betekenis van die woord: oikosdomei.**  
Die begrip kom uit die boubedryf en beteken om op te bou. Dit beskryf die bouproses wat gevolg word in die oprigting van 'n gebou. Iemand wat hierdie gawe het, bou ander mense op!

### DIE GAWE VAN WOORDE WAT BOU (MENTOR)

- Iemand wat oor hierdie genadegawe beskik sien die potensiaal in iemand anders raak;
- Hy inspireer *passie* en visie vir die lewe en ontsluit nuwe moontlikhede
- Luister; spandeer tyd saam en verleen ondersteuning;
- Reik helpende hand uit en lewer opbouende kommentaar;

## 2. JETRO TREE AS MENTOR VIR MOSES OP: VESTIGING VAN DIE JOODSE REGSTELSEL. (EXODUS 18:13-21)

- **Jetro.**  
Hy was Moses se skoonpa en het sewe verskillende name gehad. Die naam Jetro beteken "excellence" en hy was of 'n prins of priester. Die woord "cohen" kan met priester of prins vertaal word. Jetro was vermoedelik 'n baie invloedryke prins in Midian en omliggende gebiede.
- **Moses is besig met hofsake.**  
Toe Moses die volgende dag gaan sit om **hofsake** te verhoor, het daar van die oggend af tot die aand toe mense vir hom gestaan en wag.
- **Jetro bevraagteken sy werkswyse.**



Maar toe sy skoonpa sien wat Moses alles vir die volk doen, het hy gesê: “Waarom doen jy die volk dit aan? Waarom tree net jy op as **regter**, en al die mense moet van die môre af tot die aand toe vir jou staan en wag?”

- **Moses verduidelik sy optrede.**

Moses het sy skoonpa geantwoord:

1) “Die volk kom na my toe om na die wil van God te vra.

2) <sup>16</sup>As hulle in sake betrokke raak, kom hulle na my toe.

Ek lewer dan uitspraak oor die geskille tussen hulle en maak terselfdertyd God se voorskrifte en wette aan hulle bekend.”

- **Hier is twee probleme met hierdie werkswyse.**

**Langtoue en uitbranding:** Jy maak nie reg nie. Jy en al hierdie mense by jou sal totaal uitgeput raak. Die werk is te veel vir jou. Jy kan dit nie alleen behartig nie.

- **Die riglyne vir die vestiging van die Joodse regstel.**

Luister nou na my raad en mag God jou bystaan:

- **Moses, jy is die volk se verteenwoordiger by God.**

Jy moet die volk se verteenwoordiger by God wees en alle sake voor Hom bring. Druk die volk die voorskrifte en wette op die hart, leer hulle die pad wat hulle moet loop en wat hulle moet doen.

- **Stel bekwame manne aan om die daaglikse regspraak te lewer.**

Verder moet jy onder die volk bekwame manne uitsoek, dienaars van die Here, mense wat die waarheid liefhet en nie hulle eie voordeel soek nie. Dan moet jy hulle oor die volk aanstel as leiers oor duisend, oor honderd, oor vyftig en oor tien.

- **Prosedure.**

Hulle moet deurentyd vir die volk hofsittings hou. Die belangrike sake moet na j<sup>o</sup>u verwys word, en die geringes moet hulle oplos.

- **Meer effektief.** Dit sal vir jou makliker wees as hulle die verantwoordelikheid saam met jou dra. (Exodus 18)



### 3. PRISCILLA EN AKWILA TREE AS MENTOR VIR APOLLOS OP: JOODSE SENDELING VAN DIE JOODSE KWEEKSKOOL IN ALEXANDRIË, (HANDELINGE 18:24-28)

- **Begaafde Joodse sendeling.**

Intussen het daar 'n Jood met die naam Apollos, wat in Aleksandrië gebore is, in Efese aangekom. Hy was 'n begaafde spreker met 'n deeglike kennis van die Skrif.

- **Opleiding.**

Hy het in die leer van die Here onderrig ontvang en het met groot geesdrif gepraat en aan ander noukeurig alles oor Jesus geleer; maar die doop waarvan hy geweet het, was net dié van Johannes.

- **Voltooi die gaping.**

Hy het met vrymoedigheid in die sinagoge begin preek. Toe Priscilla en Akwila hom hoor, het hulle hom huis toe geneem en vir hom die leer van God nog duideliker gemaak.

- **Dinamiese prediker.**

Toe Apollos na Agaje toe wou gaan, het die gelowiges hom aangemoedig en vir hom 'n brief saamgegee aan die gelowiges daar om te versoek dat hulle hom vriendelik moet ontvang. Daar aangekom, was hy tot groot hulp vir dié wat deur die genade van God gelowig geword het, <sup>28</sup>want hy het die Jode in die openbaar kragtig weerlê en uit die Skrif bewys dat Jesus die Christus is.

Ons leef in 'n nuwe tydperk en dit het tyd geword vir 'n nuwe generasie mentor om na vore te tree om gelowiges die toekoms in te begelei. Nuwe geleenthede moet raakgesien en ontgin word. Dit is tyd vir 'n nuwe droom en nuwe inspirasie. Gelowiges moet deur hierdie nuwe era begelei word en ons sal van tyd tot tyd as klankbord vir mekaar moet dien, terwyl ons voetjie vir voetjie en soekende die toekoms inbeweeg. **Amen!**

### 5. SLOTLIED: MAJESTEIT

Majesteit, glansryke heerlikheid

Ons wil Jesus die Koning, hulde bewys !



Majesteit hemelse heerlikheid

Straal van Sy troon tot waar ons woon ons wil Hom prys !

Kom ons loof, kom ons besing die naam van Jesus !

Kom ons loof, kom ons aanbid die Here ons God !

Majesteit, heilige heerlikheid !

Hy het gesterf, ons heil verwerf Hy het oorwin !

## 6. SEËNBEDE

Die Here jou God is by jou,  
Hy, die krygsman wat red.  
Hy is vol vreugde oor jou,  
Hy is stil-tevrede in sy liefde.  
Hy jubel en juig oor jou

## 7. OFFERGAWE

Ons gee nou geleentheid vir julle dankoffer.

U as gesin kan EFT, of snapsan of via payfast in betaal.



NG Wonderpark.  
Absa Tjekrekening 1460165489  
Takkode:632005  
Verwysing: Dankoffer

